

KENNETH LIONEL SCHWARTZ

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

KENNETH LIONEL SCHWARTZ

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: KOTZÉ, TRENGOVE, BOTHA, GROSSKOPF et BOSHOFF, ARR

Verhoor: 3 September 1985

Gelewer: 30 September 1985

U I T S P R A A K

KOTZÉ, AR :

In die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling

het KLOPPER, R P en twee assessore die appellant, 36 jaar

Olivier, het die pasvermelde bevindinge gemaak op 12 Julie 1982 toe hy 'n geneeskundige ondersoek na die doodsoorsaak gehou het. Prof Olivier het o a die volgende relevante getuienis, wat nie bevraagteken kan word nie, gelewer.

- (a) Hy het 'n klein stukkie materiaal soos van 'n sykous aan die vel op die agterkant van die oorledene se linkerhak gevind.
- (b) Met betrekking tot die koeëlwonde: die een aan die kop het deur die skedel ingedring van regs na links met 'n hoek afwaarts en 'n hoek na vore en het aan die heel laterale hoek van die linkeroog uitgegaan; die regterborskas is van regs na links ingedring met

oud, aan die moord te Bloemfontein op 9 Julie 1982 van Naomi Hester Roos (die oorledene), 28 jaar oud, met versagtende omstandighede skuldig bevind. Aan hom het die Regter-President 'n vonnis van sewe jaar gevangenisstraf opgelê. Met verlof van die verhoorhof kom die appellant in hoër beroep teen die skuldigbevinding.

Die oorledene het op 9 Julie 1982 die lewe gelaat as gevolg van twee deurdringende koeëlwonde in die kop en borskas met beskadiging van die brein, die hart en die longe, wat gepaard gegaan het met inwendige bloeding. Elkeen van hierdie wonde sou op sigself noodlottig gewees het. 'n Derde koeëlwond het die oorledene se linkeronderbuik deurdring en die kolon beskadig. Die staatspatoloog, Prof

'n hoek afwaarts en 'n hoek na agter deur die borsbeen, die rand van die regterlong, die hart-sak, die hartkamer en die onderdeel van die linkerlong. Die koeël het die borskas verlaat tussen die agste en negende ribbe; die derde koeël-wond het van regs na links in die bobuik ingedring op hoogte van die naeltjie met 'n hoek na agter en effens opwaarts met die uitgangswond in die vel oor die linkerlêndegebied.

- (c) Ander vars wonde: (i) oppervlakkige gruiswondjies bokant en binne die regterwenkbrou en oor die regterwang; (ii) 'n klein kneusing

bokant die middel van die regterwenkbrou;

(iii) uitgebreide kneusing oor die middel

van die neusbrug; (iv) klein kneusings aan

die linkerlip; (v) horisontale bandvormige

kneusing oor die vel oor die anterior aspek

van die nek - die breedte het gevarieer van

6 tot 8 mm en die lengte was 8,5 cm ;

(vi) 'n oppervlakkige horisontale kneus-

en krapmerk voor dwars oor die nek 6 cm

lank en 1 tot 2 mm breed wat 'n voortsetting

is van die laterale deel van (v); (vii) 'n

lynvormige, liniêre kneusing in die boonste

deel van die regter onderarmholte wat op-

waarts strek en na agter oor die agteraspek
van die regterskouerknop; (viii) 'n area
van onreëlmatige kneusing, 4 by 3 cm , oor
die middel van die boarm aan die binnekant.

Dit is tans gemeensaak dat die drie koeëlwonde
hierbo beskryf aan die oorledene deur die appellant toegedien
is terwyl die twee van hulle alleen saam was in omstandig-
hede wat later vermeld word. Voor 9 Julie 1982 het daar
'n liefdesverhouding tussen die appellant en die oorledene
bestaan. Hierdie verhouding het 'n aanvang geneem kort na die
huwelik tussen oorledene en haar man, Paul Roos, gedurende
Januarie 1981 ontbind is. Die verhouding was intiem:

appellant...../7

appellant en oorledene het (behalwe vir kort tussenposes)

saamgewoon en saamgeslaap tot die middel van Junie 1982.

Die getuienis met betrekking tot die appellant se
betrokkenheid by die dood van die oorledene kan ruweg in
vier afdelings verdeel word.:

A. Sekere gebeure vanaf Saterdag 3 Julie tot ongeveer
twaalfuur middag op 9 Julie 1982.

B. Die appellant se wedervaringe tussen twaalfuur
middag en ongeveer 1.15 nm op 9 Julie 1982.

C. Die optrede van die appellant en sekere gebeure
na 1.15 nm op 9 Julie 1982.

D. Die deskundige getuienis en getuienis gepaard-
gaande daarmee.

A. Die tydperk 3 Julie tot twaalfuur middag op 9 Julie 1982.

Met uitsondering van die inhoud van die laaste paragraaf van hierdie afdeling wat die appellant se eie getuienis is, is die getuienis wat betrekking het op hierdie tydperk gelewer deur Reynecke, mev Maartens, mej Muller en mev Winnifred Chadeli. Eersgenoemde drie persone het saam met die oorledene by Trust Bank in Bloemfontein gewerk en hulle getuienis, wat nie bra in twyfel getrek is nie, is deur die Hof a quo aanvaar. Daar bestaan geen goeie rede waarom hierdie Hof nie ook hierdie getuienis sal aanvaar nie. Die strekking van hulle getuienis is as volg.

Vanaf Sondag 4 Julie 1982 het Reynecke, wat intussen bevriend

geraak...../9

geraak het met die oorledene, sy intrek geneem by die huis in Waverleyweg waar sy toe gewoon het. (Dit kan aanvaar word dat die appellant reeds op gemelde datum daarvan bewus was). Die appellant het op gemelde datum tussen 9 en 10 vm by die oorledene se huis aangekom, vir 'n kort rukkie met haar gesels en binne vyftien minute na sy aankoms weer vertrek. Dieselfde aand, in die omtrek van 7 uur, het hy in sy rooi BMW sportmotor weer daar aangekom, stilgehou en op dié kar se toeter geblaas. Die oorledene het uitgegaan en vir omtrent twee minute met die appellant gepraat. Hy het toe met 'n vinnige vaart weggetrek. Na verloop van min of meer tien minute het die appellant weer met sy motor voor die huis gestop. Die oorledene is weer uit, en het

'n paar oomblikke met die appellant gesels, wat toe met "bande wat fluit weggejaag" het. Die oorledene het die huis binne gekom en "baie bang voorgekom".

Op Vrydag 9 Julie sou die oorledene tussen 12 en 1 uur haar middagete neem. Sy was op daardie dag haar gewone innemende, vriendelike en opgeruimde self. Sy was, soos gewoonlik, netjies aangetrek. Haar klere en bybehore was heel. Sy het o a ondervermelde kledingstukke en juweliersware aangehad: die trui (bewysstuk 3), romp (bewysstuk 9), skoene (bewysstuk 10), leerbaadjie (bewysstuk 11), 'n kettinkie (bewysstuk 1) met kameespeld (bewysstuk 6), 'n "box chain" (bewysstuk 7) en oorkrabbetjies waarvan bewysstuk 8 'n oorblyfsel was. Voor haar etenstyd om 12 uur het die oorledene 'n bos blomme by

die...../11

die werk ontvang. Daar was 'n kaartjie saam met die blomme
wat die oorledene opgeskeur het en in die asblik gegooi het.
Dit is gemeensaak dat die blomme deur die appellant aan die
oorledene gestuur is.

Winnifred Chadeli, die oorledene se huisbediende,
het getuig dat die appellant na 9 vm 'n broek van hom by die
oorledene se huis kom haal het. Terwyl hy daar was het hy die
oorledene se slaapkamer betree, 'n sak daar gesien en aan
haar gevra of daar 'n persoon by die oorledene slaap. Sy
het geantwoord dat sy die sak nie ken nie en nie weet van
'n persoon wat daar slaap nie.

Ofskoon daar nie meer 'n verhouding tussen hom en

die...../12

die oorledene bestaan het nie sedert hy in die middel van Junie 1982 attensies begin bewys het aan Elna van Jaarsveld, het die appellant na 8 vm op 9 Julie 'n gesprek per telefoon met die oorledene gevoer, haar toestemming verkry om klere van hom by haar huis te gaan haal en 'n afspraak met haar gemaak om haar 12 uur middag te ontmoet vir ete by die Halevy House Hotel. Hierna is hy na die oorledene se huis waar hy sy broek in ontvangs geneem het van die oorledene se bediende, Winnifred. Terwyl hy daar was het hy gaan kyk of die oorledene se wasmasjien, wat hy onlangs herstel het, nog in orde was.

B. Die gebeure tussen twaalfuur middag en ongeveer

1.15 nm op 9 Julie.

Die getuienis met betrekking tot hierdie afdeling
is deur die appellant self gelewer.

Enkele minute na twaalfuur middag het die appellant,
vergesel van sy seun, met sy voormelde sportmotor (wat
slegs twee deure het) regoor die Trust Bank se gebou stilge-
hou. Die oorledene het by hulle aangesluit en voor in die
voertuig gaan sit terwyl die seun agter gaan sit het. Die
appellant het sy seun by die huis gaan aflaai omdat die oor-
ledene hom versoek het om dit te doen aangesien sy alleen
met hom wou gesels. Daar is afgesien van die voorneme
om by die hotel te gaan eet en op die oorledene se versoek
het die appellant met die pad na Brandfort gery en onder 'n
doringboom buite die stad gaan stilhou. Op pad daarheen

was die oorledene treurig en hartseer as gevolg van die
feit dat hy niks meer met haar te doen wou hê nie. Die
motor se vensters was albei oop asook die sondak. Die oor-
ledene het aan die appellant gesê dat sy na hom wou terug-
keer maar hy het aan haar gesê dat dinge tussen hulle twee
nie sal regkom nie. Gedurende die gesprek het hy 'n blikkie
"Black Label" bier gedrink - hy het twaalf blikkies in die kar
gehad - en sy het een of twee mondjiesvol uit 'n tweede blikkie
gedrink wat hy toe ook leeg gedrink het. Die blikkies
het hy daar uitgegooi. Elkeen van hulle het ook 'n Camel
sigaret gerook. Die oorledene was baie huilerig en hy het
die paneelkissie voor haar knieë aan die passasierskant
ooggemaak om vir haar 'n papierservet uit te haal en aan

te bied. In die paneelkissie was sy pistool (bewysstuk 12) wat sy toe uitgehaal en op haar skoot neergesit het met die loop weg van haar af terwyl sy dit met haar linkerhand vasgehou het. Hy het aan haar gesê "sit die ding onmiddellik terug". Sy het geweier en hy het nie verder aangedring dat die wapen teruggesit word nie. Die pistool was vir 'n geruime tyd oop en bloot op haar skoot waar sy dit vasgehou het, en daarna het sy haar leerbaadjie oor die pistool en haar linkerhand gesit. Om 12.50 het hy aan die oorleëne gesê sy moet teruggaan werk toe. Sy het gesê dat sy nie wou nie. Hy het toe vertrek terug stad toe.

Om dit te kon doen moes hy 'n kort distansie aanry in die rigting van Brandfort waar daar 'n kruising is waar hy sou kon

omdraai. Op pad na hierdie kruising het sy aan hom vertel dat haar vorige man dreig om haar maandelikse onderhoud te verminder. Sy was toe histeries. By die plek waar hy wou omdraai, wat 0,8 km van die doringboom af is, het die oorledene weer versoek dat hy haar asseblief nie moet terugneem werk toe nie. Hy het aan haar vertel dat hy haar beslis sal terugneem. Terwyl hy besig was om die kar se ratte te wissel om te kan draai het hy 'n "klik" geluid gehoor wat ooreenstem met die oorhaal van die pistool se hammertjie. Die pistool was steeds op haar skoot onder die leerbaadjie. Appellant het sy kop na links gedraai en die oorledene gevra "wat de hel maak jy?" Daar was 'n beweging op haar skoot, hy het sy kop in haar rigting

gedraai...../17

gedraai en haar op die gesig geslaan met die agterkant van sy linkerhand. Hy het haar onmiddellik met sy linkerhand aan die kraag van haar trui (bewysstuk 3) gegryp. Wat hierna gebeur het is die spil waarom die hele saak draai en ek haal verbatim aan uit die appellant se hoofgetuienis:

"Met dit gaan ek af om die pistool by haar weg te gryp. 'n Skoot het afgegaan ...

HOF: Nee wag 'n bietjie, u sê 'n skoot gaan af. Hoe bedoel u u gaan af? --- 'n Skoot gaan af, ek hoor 'n skoot gaan af.

MNR. MALHERBE: U sê u gaan af, nou ... --- Met my regterhand gaan ek oor om die pistool by haar weg te gryp.

MNR. MALHERBE AAN HOF: Die beskuldigde beduie 'n beweging met sy regterhand van regs na links en afwaarts, u Edele.

MNR. MALHERBE: Na haar skoot toe?

--- Dit is korrek.

Goed, en u sê wat gebeur toe u nou so afgaan en gryp na die pistool?

--- Ek hoor 'n skoot afgaan.

Ja? --- Ek bring my hand terug met die pistool en ek pluk die handrem op.

Verstaan ek reg, u het daarin geslaag om die pistool te gryp? --- Dit is korrek.

HOF: Is hy toe nog onder die leerbaadjie? --- Nee, hy het te voorskyn gekom nadat ek die pistool in die hande gekry het.

Maar toe u nou die pistool in die hande kry? --- Ja.

Het u u hand onder die leerbaadjie ingesit om hom uit te haal? --- Nee, ek het net geduik vir die pistool met my regterhand om hom in die hande te kry.

Maar dan moes u bo-op die leerbaadjie gevat het om hom in die hande te kry?

--- Nee, ek het my hand, my regterhand op haar skoot neergesit en

vorentoe laat gly om die pistool
in die hande te kry want ek het nie
geweet in watter posisie ...

Ek wil net seker weet, was u hand
dan onder die leerbaadjie? --- Ek
kan nie onthou nie.

MNR. MALHERBE: Goed, u het toe die
pistool in u regterhand, wat doen u
toe? --- Met alles in een beweging,
gryp ek die handrem.

Met watter hand? --- Met my regterhand.
En u linkerhand, waar was dié?

--- Nog aan haar kraag.

En wat was haar reaksie na daardie
eerste skoot waarvan u nou melding
gemaak het? --- Sy het geen reaksie
- sy het geen reaksie getoon dat sy
getref is nie.

HOF: Sy het nie inmekaar gesak
nie, sy het nie inmekaar gevou nie,
sy het nie agteroor gebuig nie,
niks? --- Niks.

Geen beweging? --- Ekskuus?

Geen beweging wat sy uitgevoer
het nie? --- Ja, sy het geen reaksie
vertoon dat sy getref is nie.

Ek sê sy het geen beweging uitgevoer
nie? --- Nee, sy het bly vroetel.

MNR. MALHERBE: Kom ek vra vir u
so, het sy uitgeroep of geskree
of iets wat aandui dat sy getref is?

--- Nee, glad nie.

Wat haar liggaam betref, het dit in
een posisie doodstil gebly of het sy
haar liggaam beweeg? --- Nee, sy
het haar liggaam beweeg.

Hoe het sy haar liggaam beweeg?

--- In alle direksies.

HOF: Vorentoe en agtertoe? ---

Vorentoe en agtertoe, links en regs,
want dit was net voete, hande,
bene als tegelyktydig.

Ek dog ek het u netnou net gevra -
ek het gevra of sy vorentoe inmekaar
gekrimp het of agteruit beweeg het
en u het gesê nee? --- Ja, maar ek
het gesê sy het geen reaksies ge-
toon dat sy getref is nie.

Nee, ek praat nie van die reaksie
nie, u sê nou sy het haar liggaam
heen en weer, vorentoe en agtertoe
geswaai? --- Ek het verneem dat as

iemand getref is, gaan jy vorentoe of jy gaan agtertoe, dit is wat ek verstaan het wat u bedoel het.

Ja? --- Maar dit was nie werklik so nie.

Hoe het sy dan gemaak? --- Dit was net arms en bene en voete wat deurmekaar gaan.

En voete, sê u? --- Ja, net geskopperry, dit was hande alles wat 'n mens kan noem.

MNR. MALHERBE: Goed, u het die pistool in die regterhand en u gryp na die handrem. Het u die handrem opgetrek? --- Dit is korrek. Waarom? Hoekom het u op daardie stadium na die handrem gegryp? --- Want ek het totaal beheer van die motor verloor.

Was die motor in beweging nog al die tyd totdat u die handrem gegryp het? --- Ek weet nie.

HOF AAN MNR. MALHERBE: Na of terwyl hy die handrem trek? --- Totdat hy die handrem gegryp het, U Edele.

MNR. MALHERBE: Voordat u die handrem gegryp het, was die motor nog in beweging? --- Ek weet nie.

Wat is die volgende wat gebeur nadat u die handrem opgetrek het? --- Ek vat my regterhand en ek gaan oor om haar te gryp met my regterhand.

HOF: Leun u oor, buk u oor of hoe?

--- Nee, ek het oorgegaan met my regterhand.

MNR. MALHERBE AAN HOF: Beskuldigde se regterhand is, volgens sy demonstrasie, was bokant sy kop en kom weer af na die linkerkant toe, U Edele.

MNR. MALHERBE: Ja? --- 'n Skoot het afgegaan in daardie beweging.

HOF: Was dit terwyl die pistool in u regterhand was? --- Dit is korrek.

MNR. MALHERBE: Goed, en toe? --- Sy het inmekaar gesak.

Ja? --- Ek het haar pols geneem.

Net voor u daarvandaan verder gaan, u het nou vertel van twee skote? --- Dit is korrek.

Onthou u enige verdere skote behalwe die twee waarvan u vertel het?

--- Ek weet nie.

HOF: Onthou nie? --- Ek onthou nie.

MNR. MALHERBE: Nadat die tweede skoot en dan ook die laaste skoot, volgens u, want u onthou net die twee, geknal het en toe u nou die pols voel, waar was die motor toe gewees? --- Ek weet nie.

Onthou u wat van die pistool geword het op daardie stadium? --- Ek weet nie wat het van die pistool geword nie.

Toe u haar pols voel, waar was die oorledene? --- Op die sitplek.

En u wys met u linkerhand, bedoel u die linkersitplek? --- Dit is korrek.

Kon u enige pols voel? --- Glad nie.

Wat het nou verder gebeur? --- Wat ek wel weet, ek het uit die motor uitgeklim.

By u deur aan die regterkant? --- Dit is korrek.

Ja? --- Na die linkerdeur toe gegaan, my hand uitgesit om die deur oop te maak, toe was die deur oop.

Ja? --- Die liggaam het uitgeval.

Hoe het dit geval? --- Bolyf eerste.

MNR. MALHERBE AAN HOF: Getuie

beduie en hy buig sy bolyf na links
en na onder, U Edele.

MNR. MALHERBE: Ja, en wat het u

toe gedoen? --- Ek het haar liggaam
opgetel en in die motor teruggesit.

Waar in die motor? --- Op die vloer
met haar bolyf op die sitplek.

Praat u van die linkerruimte voor,
die passasiersruimte? --- Dit is
korrek.

HOF: Dat ek net mooi verstaan, u
sê u het haar op die vloer gesit?

--- Ja, die onderlyf was op die
vloer en die bolyf op die sitplek,
in 'n lêende posisie.

MNR. MALHERBE: Het hierdie gebeure

waar u uitklim, na die linkerdeur
gaan en die liggaam daar uitval
en haar terugplaas in die motor.
plaasgevind op die plek wat die hof
vandag besigtig het op die Brand-
fortpad? --- Dit is korrek.

Waar u motor se spore van die pad

afgeloop het en weer op die pad gekom
het? --- Dit is korrek.

Wat onthou u verder daarvandaan
nadat u die oorledene se liggaam
teruggeplaas het in die motor?

--- Ek weet ek het weer haar pols
geneem.

Ja? --- En niks gevoel nie."

(Dat die appellant slegs melding maak van twee skote is ver-
staanbaar in die lig van deskundige getuienis dat twee
vinnig opmekaarvolgende skote soos een kan klink).

C. Die appellant se optrede na 1.15

Die getuienis hierna uiteengesit, met betrekking tot
die tydperk 1.15 tot ongeveer 5.40 nm , is, behalwe waar
anders aangedui, dié wat deur die appellant gelewer is.

Nadat hy weer 'n keer die oorledene se pols gevoel het en niks waargeneem het nie, het hy die motor aangeskakel maar hy kon nie wegtrek nie omdat die handrem gebuig was en nie losgemaak kon word nie. Hy het die rem na links gebuig, die rem toe losgekry, vertrek en hom toe op die Avonhampad, 'n grondpad, bevind. Hy het nie geweet of hy "kom of gaan nie" en het teen 'n keerwal gery. Hy het daarna egter aangery teen 'n lae spoed totdat hy gekom het by die punt waar die grondpad aansluit by die Bloemfontein-Soutpan pad. Daar het hy regs gedraai in die rigting van Soutpan. Hy het eindelijk by 'n populierboom gestop. Vanaf die punt waar die motor van die teer af geloop het (waar die liggaam uitgeval het) tot by die populierboom is 'n afstand van 39,8

km padlangs. Hier het hy uitgeklim, die deur aan die pas-
sasierskant oopgemaak en die oorledene in sy arms opgetel.

Sy het geval en gedeeltelik op die grond te lande gekom. Hy

het haar weer opgetel en in die kattedak geplaas. Die oorle-

dene se leerbaadjie het hy ook in die kattedak gegooi. Hy

kon nie onthou dat hy haar skoene en handsak ook in die kattedak

geplaas het nie maar moes dit gedoen het aangesien die

polisie dit later daar saam met die lyk aangetref het. (Die

linkerskoen se hak en sool was beskadig: duidelike skuurmerke

was daarop sigbaar). Hiervandaan het hy toe vertrek Bloemfontein toe.

Op pad het hy bloed op die linkervoorsitplek opgemerk, stilgehou en dit

met behulp van 'n blikkie bier en 'n papierservet skoongemaak. Die leë

blikkie en die servet het hy langs die pad uitgegooi.

Vandaar het hy gery na die oorledene

se huis te Waverleystraat waar hy 'n gesprek met die bediende Winnifred gehad het. Die rede waarom hy daarheen gegaan het, was om vas te stel waar die oorledene se seuntjie, André Roos, was. Hy het by Winnifred verneem dat 'n dame by name Mercia hom kom haal het. Winnifred het toe opgemerk dat sy nie weet wat met haar werkgeefster (die oorledene) aangaan nie en aan hom gevra "waar is baas Dennis nou want ek sien nou weer 'n ander lightie hierso". Toe het hy aan haar gesê "sien jy Winnie, dit is waarom ek nie wil terugkom na die kleinmies toe nie". Winnifred se getuienis in hierdie verband is beperk tot die volgende: Om ongeveer 1.40nm het die appellant weer by die huis aangekom en verneem na die oorledene se kind. Sy het aan hom gesê dat

Mrs Mercia die kind kom haal het. Die appellant het toe aan haar gesê die oorledene wou hê dat hy weer na haar moet terugkeer.

Vandaar het die appellant gery na die plek aan die teenoorgestelde kant van die stad waar die oorledene se vorige man, Paul Roos, gewerk het. Hy het sy kar nie daar gesien nie en weer vertrek. Toe is hy na die plek waar Elna van Jaarsveld werk maar hy het ook nie met haar in aanraking gekom nie want die plek het gelyk of dit reeds gesluit was vir die dag. Daarna het hy hom op die Dewetsdorp pad bevind. Hy het skielik naar gevoel, gestop en twee keer gevomeer. Hy het beter gevoel en by homself gedink "hel, maar jy is onskuldig, wat de hel maak jy?" Daarna is hy na die huis van sy prokureur, mnr Henry Symington,

waar hy aan hom 'n gedeelte van die middag se gebeure vertel
het. Vandaar, vermoedelik op advies van mnr Symington,
het hy vertrek na die polisiestasie te Parkweg waar hy onge-
veer om 5.40 nm aangekom het. By die polisiestasie het hy hom
aangemeld en met 'n persoon wat reeds deur prokureur Symington
telefonies meegedeel is dat hy op pad is (vermoedelik sersant
Breitenbach) gepraat. Hy het aan hom gesê 'n meisie het
haarself geskiet en sy is agter in sy motor. Hy het sy
kar se sleutels aan hom gegee. (Breitenbach se relaas
was dat hy gesê het dat hy die meisie geskiet het maar dit
is deur die Hof a quo verwerp). 'n Rukkie later het adj
Swanepoel, die ondersoekbeampte, daar aangekom. Hy het ook
aan Swanepoel gesê 'n vroumens het haarself geskiet en hy

het hom vertel waar sy motor en pistool is. Hierna is hy in hegtenis geneem.

D. Die deskundige getuienis en getuienis gepaard

gaande daarmee.

Lt Van Schalkwyk van die speurdiens het op die aand van 9 Julie sekere toetse op die beskuldigde se hande uitgevoer en op sy regterhand metaalspore gevind wat daarop gedui het dat hy die pistool (bewysstuk 12) hanteer het: die merke het gelê op die binnekant van sy palm en op 'n vinger - laasgenoemde merk het ooreengestem met die sneller. Die appellant, aldus Van Schalkwyk, het erken dat hy die pistool hanteer het en verduidelik dat dit die rede is waarom

die...../32

die merke daar was. Adj Swanepoel het, in hierdie verband, getuig dat hy die toetse laat doen het omdat die appellant aanvanklik beweer het dat die oorledene haarself geskiet het en dat hy nie die vuurwapen hanteer het nie. Eers na die metaalspore gevind is, het die appellant erken dat hy die wapen hanteer het. Later, en wel om ongeveer 9 nm, het Van Schalkwyk dergelike toetse op die hande van die oorledene by die lykshuis uitgevoer en getuig dat daar geen metaalspore op haar regterhand was nie. Op die linkerhand was daar 'n dun strepie oor vier vingers wat nie in verband gebring kon word met die pistool nie maar moontlik wel met die handvatsel van die motor se linkerdeur. Generaal Neethling, hoof van die Forensiese Wetenskap Laboratorium

van die Suid-Afrikaanse Polisie, het verduidelik dat metaal-
spoortekens by 'n lewendige persoon na ongeveer 6 uur verdwyn
maar in die geval van 'n lyk na 48 uur (en in sommige gevalle
selfs tot en met vyf dae) nog sigbaar sal wees.

Lt Van Schalkwyk het op dieselfde geleentheid monsters
van albei hande van die oorledene sowel as van die appellant ge-
neem ten einde vas te stel of daar ontstekingsresidu
(d.w.s. chemiese stowwe wat vrygestel word en op die hand
wat 'n skoot afvuur kondenseer) teenwoordig was. In nie een
van die vier monsters was daar 'n enkele partikel teenwoordig
nie. Generaal Neethling het verduidelik: indien hande
met residu op gewas word verdwyn dit en selfs met verloop
van ongeveer vier uur met normale handbewegings verminder

dit tot nul; in die geval van 'n lyk kan daar selfs na sewe dae verwag word om residu te vind.

Genl Neethling het ook getuienis gelewer in verband met die skade aan oorledene se linkerskoen. Kort gestel kom sy getuienis, wat geensins in twyfel getrek is nie, op die volgende neer. Die skade is mikroskopies ondersoek, sekere toetse is onderneem en die gevolgtrekking is gemaak dat die gemelde skade veroorsaak was deur 'n baie kort aanraking van die skoен met 'n oppervlak soortgelyk aan 'n teerpad teen 'n spoed van hoër as 50 of selfs 55 km per uur. Genl Neethling is ook deur die Verhoorregter ondervra met betrekking tot die oopmaak van die deur van 'n bewegende motor en het getuig dat toetse bevestig het dat

geen moeite ondervind word om dit te doen teen 'n spoed van 60 km per uur nie.

Slotsom.

Die appellant se getuienis met betrekking tot die gebeure op 3 Julie vanaf twaalfuur middag totdat hy by die polisiestasie te Parkweg aangemeld het, is die enigste direkte getuienis en word in vele opsigte gestaaf deur omstandighedsgetuienis. Dit is onnodig en tydverkwistend om hierop in detail in te gaan. Ek volstaan daarmee deur te meld dat hierdie getuienis dus as grondslag behoort te dien in soverre dit die appellant se kom en gaan voor en na die oorledene se dood aanbetref. Dit is egter nie die einde van die saak nie. Die sleutelvraag is wat het gebeur gedurende die kritieke tydperk toe die oorledene die dodelike

wonde opgedoen het? Kan die appellant se relaas, hierbo
onder afdeling Baangehaal en waarna ek verwys het as die spil
waarom die hele saak draai, redelikerwyse waar wees? Voor
ons is namens die appellant aangevoer dat die Hof a quo t o v
"vele feite misgetas" het. Met een uitsondering vind ek
dit onnodig om met hierdie betoog te handel aangesien hierdie
Hof sigself in dieselfde gunstige posisie as die Verhoorhof
bevind om die sleutelvraag in die lig van die gemelde grond-
slag betreffende die appellant se kom en gaan, bewese en
ander onbestrede feite te beantwoord. Die uitsondering
het betrekking op sekere dele van die uitspraak in die Hof
benede waar die appellant se geloofwaardigheid in twyfel
getrek is vanweë sekere beweerde uitlatings wat hy in 'n

verklaring aan adj Swanepoel gemaak het. Hierdie verklaring (bewysstuk Z) is gedateer 10 Julie maar Swanepoel het nie daaroor getuig nie. Trouens die aanklaer het, gedurende hoofondervraging van Swanepoel, uitdruklik aangedui dat hy nie "voornemens" is om dit in te handig nie. Maar gedurende kruisondervraging het die aanklaer die appellant daarmee gekonfronteer. Ofskoon hy sy handtekening op die verklaring erken het, het hy nêrens erken dat die hele verklaring korrek is nie en het hy selfs gesê dat hy dit "nie meer onthou nie". In die uitspraak in die Hof a quo word dele van die verklaring wat nooit aan hom gestel is nie meermale tot nadeel van die appellant teen hom aangewend. Dit was onbillik en, behalwe waar gedeeltes van die verklaring aan die appellant...../38

appellant gestel is en hy erkennings in verband daarmee ge-
maak het, het die Verhoorhof fouteer om op bewysstuk Z
ag te slaan.

Ek gaan nou oor tot oorweging van die vraag of
die appellant se weergawe van die kritieke momente redelik-
erwyse waar kan wees. In die lig van wat ek hierbo gemeld
het met betrekking tot bewysstuk Z, is ek van voorneme
om n bevinding van die Hof a quo dat die appellant "nie
altyd n eerlike en betroubare getuie" was nie te ignoreer
en om my eie gevolgtrekking in dié verband op die materiaal
wat in die verhoornotule vervat is, te maak. Ofskoon
die appellant aanvanklik aan Swanepoel gesê het dat "die
vroumens haarself geskiet het" en dit selfs nog in die

appellant se hoofde van betoog as "n geopperde moontlikheid" genoem word, het die appellant se advokaat, in hierdie Hof, heel tereg en realisties toegegee dat die afleiding uit die appellant se relaas onweerstandbaar is dat die appellant die sneller getrek het in verband met al drie wonde. Die vraag is of dit redelikerwys kon gebeur het gedurende n vroeteling of worsteling waartydens die appellant gepoog het om die oorledene te ontwapen.

By oorweging van hierdie vraag val dit dadelik op dat die appellant die nie-inkriminerende deel van sy relaas met veel meer presiesheid weergee as dié deel wat betrekking het op die skietery. Namens die appellant word aan die hand gedoen dat die feit dat so n groot deel

van sy getuienis strook met die omstandighedsgetuienis tref-
fende staving is van die onwaarskynlikheid dat sy relaas 'n
versinsel is. Dit volg nie noodwendig nie: as deelnemer
is hy in 'n besondere gunstige posisie om die onskadelike deel in te pas
met die skadelike deel. Wat besonder insiggewend is, is die kontras tussen
die twee dele van sy getuienis: die een deel word gekenmerk deur
presiese details terwyl die inkriminerende deel vaag en verwarrend is.
Na herhaaldelike deurlees van laasgenoemde deel vind ek dit moeilik om
'n beeld te vorm van hoe die appellant beweer dat die skietwonde opgedoen
is terwyl die oorledene "bly vroetel" het, die kar totaal buite
beheer was en die appellant na die handrem gryp met dieselfde hand wat
die pistool vashou ens. Dit is moeilik om te verstaan waarom hy in
die krisis wat ontstaan het, na die handrem gryp wanneer hy soveel
makliker die voetrem kon aanwend.

Ek gaan nou daartoe oor om die inkriminerende deel in fyner besonderhede te analiseer. Eerstens die agtergrond tot die tragedie. Volgens die appellant was die oorledene treurig en hartseer as gevolg van die feit dat hy niks meer met haar te doen wou hê nie en aan haar gesê het dat dinge tussen hulle nie sou regkom nie. Dit, so lei mens af, was die rede waarom die oorledene die pistool oorgehaal het toe die "klik" geluid na bewering sou plaasgevind het. Hierdie bewering rym nie met die aanvaarde getuienis nie dat die oorledene reeds 'n nuwe vriendskap gesluit het, dat sy op die betrokke oggend opgeruimd en vriendelik was, dat die appellant dieselfde oggend nog aan haar blomme gestuur het, dat sy die meegaande kaartjie opgeskeur het,

dat die appellant bereid was om saam met haar ete te geniet,
dat hy oëskynlik besorg was toe hy die betrokke oggend 'n
sak van 'n man in haar kamer gesien het en dat hy pas die
vorige Sondag tekens van jaloesie getoon het in verband
met die oorledene se nuwe vriendskap toe hy vinnig en met
fluitende bande van haar huis weggejaag het.

Tweedens verwys ek na die appellant se bewering
dat die oorledene die pistool vir 'n geruime tyd op haar
skoot vasgehou het. Dit is in 'n hoë mate onwaarskynlik.
Sy was hewig ontstel, die appellant het haar beveel om
dit onmiddellik terug te sit in die paneelkissie. Sy het
geweier. Dit is moeilik om te begryp waarom die appellant
haar...../43

haar weiering so gedweë aanvaar het: hy moes geweet het dat die pistool nie oorgehaal is nie en dat hy dit sonder gevaar uit haar besit kon neem. Ook is dit eienaardig dat hy wegry terwyl die pistool steeds deur haar onder die leerbaadjie op haar skoot vasgehou word. Hierdie deel van die relaas stort uiteindelik heeltemal in duie wanneer bevind word dat daar nie 'n metaalspoor ooreenstemmend met die pistool op die oorledene se hand gevind word nie. Nou in verband hiermee staan die appellant se aanvanklike verklaring aan Swanepoel dat hy die pistool nie hanteer het nie en sy vertraagde erkenning na die merke op sy hand gevind is.

In die derde plek: dit staan vas uit getuienis gelewer deur Lt Du Plessis dat om drie skote te kon skiet, drie afsonderlike vingerbewegings moes plaasgevind het. Ieder keer moes die sneller getrek word, gelos word en weer getrek word. Hoe dit plaasgevind het, kon die appellant nie bevredigend verduidelik nie.

Vierdens, indien die eerste skoot per ongeluk gevuur is sou mens verwag het dat die appellant die pistool dadelik sou laat val het. Maar dit gebeur nie: hy hou steeds die pistool vas in die regterhand en gryp die

oorledene met dieselfde hand. Dit is onverstaanbaar

hoe twee skote daarna kon afgaan tensy die sneller doel-

bewus deur hom getrek is, wat deur hom ontken word.

Vyfdens: die appellant kon geen aanvaarbare ver-

duideliking gee vir die oorledene se beskadigde linkerskoen

en kous nie en wat daartoe gelei het. Gedurende kruisonder-

vraging met betrekking tot daardie deel van sy hoofgetuienis

dat, nadat hy haar pols gevoel het, hy uitgeklim het, na

die linkerdeur toe gestap het en gevind het die deur was

oop, het die appellant' as volg getuig:

"Toe ek na die deur aangestap kom,
toe ek my hand op die deur sit,
by die handvatsel het die deur
net vanself oopgegaan.

Het u glad nie aan die deur geraak
nie? --- Ja, ek het.

Het u hom oopgetrek? --- Nee, ek
het hom netso vasgevat die deur
en getrek, toe is hy oop, in ander
woorde, skaars aan die deur gevat
het, toe is hy oop.

HOF: Maar u moes hom tog trek,
dan nie? --- Ekskuus tog?

U moes hom tog trek voor hy sou
oopgaan? --- Dit is korrek, Edel-
agbare, maar ek het hom nie gepluk
nie, dit kan onthou, want soos my
handvatsel, die handvatsel is van
onder, toe ek my hand so vat, toe
ek so by hom kom en ek vat hom en
kom so agtertoe, daar is die deur,
die deur is oop.

MNR. THERON: Sê u die deur was nie

op knip gewees nie? --- Dit is
wat ek eintlik bedoel.

Dit beteken die oorledene moes hom
op 'n stadium oopgemaak het? ---

Dit kan so gewees het, ja.

Mnr. Schwartz, hoekom antwoord u die
vrae op so 'n manier? Wie anders
kon daardie deur oopgemaak het as
die oorledene? --- Niemand anderste
behalwe sy nie.

Het u agtergekom dat die oorledene
op enige stadium een van haar voete
by die deur uit het? --- Nee.

Kan u verklaar waar die skuurmerke
aan die skoene, Bewysstuk 10, van-
daan kom? --- Glad nie.

Ek stel dit aan u dat onder die
omstandighede dat die enigste manier
waarop daardie skoene daardie merke
kon opgedoen het, is dat sy dit op 'n
stadium haar voet by die deur
uitgesit het terwyl die kar nog be-
weeg het. Wat sê u daarvan? ---
Dit is moontlik, dit kan korrek
wees. ---

Nou stel ek dit aan u mnr. Schwartz,

dat dit daarop dui dat die oorledene
wou uit die kar uitkom? --- Dit kan
ek nie sê nie.

Kan u dit ontken? --- Nee, ek kan
dit nie ontken nie, maar ek het
glad nie dit opgelet nie.

Hoekom sou sy uit daardie kar uit
wil klim? --- Ek weet nie."

Dit is objektief bewys dat die oorledene uit die voertuig

wou klim terwyl dit nog op die teer was en teen ongeveer

50 km per uur beweeg het. Hierdie dramatiese insident

maak geen deel uit van sy relaas nie en dit is moeilik om te

aanvaar dat die appellant werklik onbewus was hiervan en

die afleiding is dat sy getuienis in hierdie verband onwaar

is.

Ten laaste verwys ek na die appellant se eien-

aardige optrede na hy tot die besef gekom het dat die oorledene dood is. Dit is die geval van 'n man wat in 'n ontsettende ongeluk betrokke was. In sy emosionele toestand kon hy, en hy moes dit besef het, maklik 'n fout maak dat haar polsslag tot 'n einde gekom het. Redelikerwys kon verwag word dat hy in aller yl na die naaste hospitaal sou gaan. Dit doen hy egter nie. Inteendeel laai hy die liggaam en persoonlike toebehore in die kattedak en verwyder hy die bloed van die sitplek met behulp van 'n papierservet en 'n blikkie bier. Hy poog om alle spore van die gebeurtenis te verberg, die indruk te wek dat niks verkeerd is nie en ry daarna vir 'n aansienlike tyd doelloos rond.

Kumulatief beskou is die uitwerking van die faktore

hierbo vermeld dat met reg tot die slotsom geraak behoort te word dat die appellant se beskrywing van die oorledene se verwonding onaanneemlik is en nie rederlikerwys waar kan wees nie. Dit synde die geval het mens die beeld van 'n man wat sy eertydse vriendin, wat tot sy misnoeë 'n nuwe vriendskap gesluit het, drie skote met 'n pistool op uiters kwesbare dele van die liggaam toedien asook beserings aan die nek en gesig besorg. Sy optrede is so drasties dat sy poog om 'n voertuig wat teen ongeveer 50 km per uur beweeg, te verlaat. Sy laat die lewe. Hy plaas haar liggaam in sy voertuig se katterbak. Op die oog af het die appellant die sneller drie keer getrek en hy versuim om 'n geloofwaardige verduideliking te verskaf. Op hierdie

feite...../51

feitegrondslag is die afleiding dat die appellant, ofskoon hy nie sy optrede vooraf beplan het nie, tog doelbewus na die oorledene geskiet het - enige mindere skuldvorm sou op bespiegeling berus. Dit volg dat ondervermelde uitlating van Hoexter, AR in S v Steynberg, 1983(3) 140 (A) op 147

B-E na my mening toepasbaar en paslik is:

"n Voorbeeld van omstandighede waarin die Mlambo-saak dictum aanwending kan vind, word juis verskaf deur die feite van die Mlambo-saak en die benadering van MALAN AR op 737C-738H. Dit kom hierop neer: as 'n beskuldigde deur 'n wederregtelike aanranding iemand se dood veroorsaak en die beskuldigde alleen daartoe in staat is om die omstandighede van die noodlottige aanranding te verklaar, maar hy gee 'n verduideliking wat as vals verwerp word, dan

kan die Hof die afleiding maak dat die beskuldigde gemelde aanranding gepleeg het met die opset om te dood eerder as met enige minder ernstige vorm van mens rea. Op dié wyse kan 'n beskuldigde se valse relaas van die omstandighede van die aanranding dus tot gevolg hê dat die beskuldigde aan die ernstiger misdaad van moord eerder as aan die mindere oortreding van strafbare manslag skuldig bevind word."

Die Hof a quo het hierdie benadering gevolg en ek is geensins oortuig dat tot die verkeerde gevolgtrekking geraak is nie.

Die appèl word afgewys.

TRENGOVE, AR)

BOTHA, AR)

stem saam

GROSSKOPF, AR)

BOSHOF, AR)

APPELREGTER